## 17 Julie — Amos 1:3-2:16

### *So regeer God oor almal*

Uit die gedeelte wat ons saamgelees het is dit duidelik dat God oor alle volke regeer. Amos moet die Woord van die Here aan agt volke gaan verkondig.

Die stamme Juda en Israel was die uitverkore volk van die Here. Maar dit het nie beteken dat die Here net vir hulle lief was of net vir hulle omgegee het nie. Nee, die Here is koning van alle volke. Hy neem verantwoordelikheid vir alles en almal.

Amos word daarom gestuur om die wil van die Here aan al die omliggende volke te gaan bekendmaak. Hierdie volke het rondom Israel (Tien Stamme) gewoon. Hulle het baie goed van die Here geweet. Hulle het egter verkies om afgode te bly aanbid en te lewe soos hulle wil. Wat nou?

Amos word gestuur om (weer) die Here se mag en heerskappy te gaan afkondig. Voordat die Here straf, vermaan Hy eers in sy lankmoedigheid, 'n Laaste kans word gegee. Alle mense moet voor sy gesag buig en sy wette gehoorsaam. God is immers almal se skepper en onderhouer. Hy sorg vir ons en ons moet Hom eer.

Die volke wou nie luister nie. Hulle is gestraf met vuurvlamme en oorloë. Die dag kom dat alle volke God as koning sal erken. Die ongelowiges sal finaal verdelg word. In hierdie hoop leef, werk en verkondig ons. Hou moed. Bly glo en liefhê. Alles is op pad na 'n heerlike einde.

Sing: Psalm 99:2, 3

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)